SIEGFRIED GROSSKOPF

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

No Picture Available

Full Names	**Ernst Heinrich Siegfried Grosskopf**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

b2 Ernst Heinrich Siegfried, * Bloemfontein 15.5.1887, † Kaapstad 2.8.1981, x Kassel, Duitsland 1919, Anna Luise Gertrude BARTHOLOMÄUS, * Kassel, Duitsland 12.6.1888, † Stellenbosch 4.9.1960, d.v. Carl Bartholomäus en Marie (Barholomäus).

Die eer kom Siegfried toe dat hy en 'n ander student die eerstes was wat 'n B.A.-graad aan die Grey-universiteitskollege in Bloemfontein verwerf het en hy was die heel eerste student wat 'n M.A.-graad aan dié Universiteit verwerf het. Hy verwerf die M.A.-graad in moderne tale in 1907 cum laude. Daarna is hy na Duitsland om in die teologie en pedagogiek te studeer. Hy het in Berlyn, Greifswald, Halle en Bonn studeer en was goed op pad om 'n doktor in die Teologie te word toe hy om persoonlike redes sy studies gestaak het. Hy wou immers sendeling word en nie 'n geleerde nie.

Weens die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was dit vir Siegfried nie moontlik om terug te keer na Suid-Afrika nie en hy was toe predikant in Langenberg, Rynland en Berlyn. In 1919 is hy met Gertude, 'n verpleegster, getroud en in 1920 kom hulle uiteindelik met die eerste na-oorlogse skip na Suid-Afrika. Toe eers is Siegfried se ideaal verwesenlik en kon hy sy sendingwerk in diens van die Berlynse Sendinggenootskap aanvaar. Hy was op die sendingstasie Kreuzburg (Makotopong) naby Pietersburg. Daarna is hy na Botshabelo, dist. Middelburg verplaas om die opleidingskollege vir Swartes daar weer op die been te bring, nadat dit in 1914 as 'n "enemy institution" gesluit is. Nadat die kollege weer as staatsinstelling geregistreer was, het hy na suiwer sendingwerk teruggekeer en wel op Marapyana (Springbokvlakte). Op al hierdie afgeleë plekke was die opleiding van sy vrou van onskatbare waarde en die Swartes en Blankes in die omgewing het goed gebruik gemaak van haar mediese raad en daadwerklike hulp.

In 1931 is Siegfried en sy vrou na Duitsland om behandeling te kry vir hulle gesondheid. Siegfried het egter nie baie tyd vir rus gekry nie, want hy moes gedurig op sendingfeeste in belang van die sending werk. Na hulle terugkoms is Siegfried na Riversdal gestuur omdat daar 'n gees van verset onder die gemeentelede geheers het. Met takt en geduld het hy op sy kalme manier weer orde geskep sodat rus en tevredenheid weer onder die gemeentelede begin heers het.

Die belangrikste gebeurtenis van sy arbeidsperiode op Riversdal was sy deelname aan die derde Wêreldsendingkonferensie wat in Desember 1938 in Tambaram by Madras gehou is. Siegfried en prof. Ben Marais is deur die Christenraad van Suid-Afrika na die kongres afgevaardig. Tydens die tweede Wêreldoorlog het dit finansieel baie sleg gegaan met hom en sy gesin, soos trouens met al die sendelinge. Deur die invloed van vriende is 'n professoraatskap twee maal aan hom aangebied, maar hy het dit telkens geweier omdat hy gevoel het dat hy 'n sendeling moes bly. Met die dood van Kohl in 1951 het Siegfried, net soos sy vader, superintendent van die Kaapse sinode geword. Op 1 Januarie 1960 lê hy sy amp neer, maar bly nog aktief in die sending besig — hy gee onder andere onderrig aan die Bybelinstituut van die Broedergemeente in Somerset-Strand. Hy is op vier-en-negentigjarige ouderdom oorlede.